NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2023

VISUELE KUNSTE: VRAESTEL 1

Tyd: 3 uur 100 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. **BEANTWOORD AL VYF DIE VRAE.**

3. Lees elke vraag sorgvuldig deur voordat jy jou antwoord formuleer.

4. Skryf netjies en op 'n duidelike en gestruktureerde manier: gebruik volsinne en paragrawe volgens die instruksies van elke vraag. **Geen punte** sal vir lyste van feite of diagramme toegeken word nie.

5. Nommer jou antwoorde presies soos wat die vrae genommer is.

6. Onderstreep die name van kunstenaars en kunswerke.

7. Jy mag nie na die visuele bronne wat in een vraag verskaf is in enige van die ander vrae verwys nie.

8. Moet nie kunstenaars, feite, argumente **en/of** kunswerke herhaal nie. **Geen punte** sal vir dieselfde inligting wat in 'n ander vraag herhaal word, toegeken word nie.

9. Waar 'n vraag **EN/OF** bevat, mag jy **EEN** aspek of **AL** die genoemde kriteria bespreek.

10. **LET WEL:** Ken ***45 minute tot 'n uur*** van jou tyd toe om **Vraag 5** te beantwoord.

11. Antwoorde moet voltooi word in die Antwoordboek wat verskaf is.

12. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.

IEB Copyright © 2023

VRAAG 1 VISUELE GELETTERDHEID

Bestudeer **Beelde A en B** en lees die bygaande teks. Beantwoord dan die vrae wat volg.

Gebruik **Beelde A en B** slegs vir Vraag 1.



Beeld A
Bisa Butler
The Safety Patrol
Tekstielkuns
Lewensgrootte
2018

Hoewel Bisa Butler se voltooide werke uitsluitlik van tekstielstowwe is, bly haar metodes interdissiplinêr: foto's inspireer haar komposisies en keuse van figure, sy pak tekstielstowwe in lae soos wat 'n skilder glasuursel in lae verf, en sy gebruik gare om mee te teken, wat detail en tekstuur byvoeg.

1

IEB Copyright © 2023



Beeld B
Marion Boehm
The Desert Girls
Collage en tekstielstof op papier, gemengde media
171 × 120 cm
Lewensgrootte
2018

Marion Boehm se praktyk is aanvanklik aangewakker deur haar begeerte om hulde aan diegene te bring wat sy gedurende haar reise ontmoet het, met 'n besondere fokus op die vroue wat in Kliptown, die oudste residensiële gebied van Soweto, Johannesburg, woon. Deur ou koerante en shweshwe-materiaal, materiale wat iets oor die ervaring van lewe in Kliptown sê, in nuwe bruikbare produkte te omskep, het sy begin om grootskaalse tekstielstukke te skep. Boehm gebruik ook kant, fluweel en ander materiale van die koloniale tydperk wat 'n dialoog tussen portretkuns uit die koloniale era en haar kontemporêre modelle begin.

2

IEB Copyright © 2023

1.1 Verwys na **Beelde A** en **B** op bladsy 2 en 3. Vergelyk die soortgelyke maniere waarop elke kunstenaar patroon en tekstuur gebruik. (3)

1.2 Verduidelik die kriteria wat jy sal gebruik om hierdie kunswerke as "Kuns" teenoor "Handwerk" te omskryf. Motiveer jou antwoord deur na elke kunswerk te verwys. (3)

1.3 Identifiseer die fokuspunt in elke kunswerk en verduidelik hoe elke kunstenaar dit bereik het. (4)

1.4 Verwys na **Beeld B**. Hoe begin hierdie kunswerk 'n dialoog tussen portretkuns van die koloniale era en kontemporêre modelle? (2)

1.5 Bes moontlik kan hierdie werke as "feministies" van aard beskou word. Verduidelik hoekom dit die geval is. (3)

[15]

IEB Copyright © 2023

VRAAG 2 TWINTIGSTE-EEUSE KUNS VAN DADA TOT EN MET, MAAR UITGESLUIT, DIE KONSEPTUELE KUNS VAN DIE 1970's

Kyk na **Beeld C** en **D**. Lees die onderstaande stelling en beantwoord die vrae wat volg.



Beeld C
Jackson Pollock
Red Composition
Olie op Masonite
48,3 × 60,3 cm
1946



Beeld D
Andy Warhol
Shot Sage Blue Marilyn
Syskermbeeld
101,6 × 101,6 cm
1964

Jackson Pollock se *Red Composition* 1946 (**Beeld C**) is in 2020 vir $12 miljoen verkoop. Andy Warhol se *Shot Sage Blue Marilyn* (**Beeld D**) het vir 'n nuwe veilingrekord gesorg toe dit in Mei 2022 vir $195 miljoen verkoop is.

3

2.1 Oorweeg en debatteer of jy dink dat die werke hierbo die pryse wat daarvoor betaal is regverdig of nie. Verduidelik jou kriteria om jou antwoord te staaf. (3)

2.2 Kies **EEN** kunswerk van Dada en 'n **ander** kunswerk van Surrealisme wat jy dink netso waardevol as bogenoemde kunswerke beskou moet word.

Vir jou gekose kunswerke skryf die name van die kunstenaars, die titels van die kunswerke en 'n kort beskrywing van elke kunswerk neer. (4)

2.3 Vir elke gekose kunswerk motiveer hoekom jy dink hierdie kunswerke is netso waardevol as die kunswerke van Pollock en Warhol wat jy in Vraag 2.1 bespreek het. (8)

[15]

IEB Copyright © 2023

VRAAG 3 KONSEPTUELE EN KONTEMPORÊRE INTERNASIONALE KUNS

Bestudeer **Beeld E** hieronder en lees die bygaande teks. Beantwoord die vrae wat volg.



Beeld E
Huang Yong Ping
Serpent d'océan *(Seeslang)*
Aluminiumbeeldhouwerk
130 m lank
2012

Naby die kus van Frankryk verrys 'n glibberige slang uit die water. *Serpent d'océan,* wat in 2012 voltooi is, is 'n indrukwekkende, permanente 130 meter lange beeldhouwerk deur Frans-Chinese kontemporêre kunstenaar, Huang Yong Ping.

Die Chinese regering het baie van Huang Yong Ping se werke verbied. In 1989 het hy Frankryk toe getrek en het sedertdien 'n genaturaliseerde Franse burger geword.

Die publiek en kritici beskou Huang Yong Ping as "avant-garde". Die definisie van *avant-garde* is om nuwe en innoverende style of metodes om kuns te maak, te skep.

4

3.1 Evalueer hoekom kritici die werk van Huang Yong Ping as avant-garde beskou. Staaf jou antwoord deur na *Serpent d'océan* hierbo te verwys. (2)

3.2 Sou jy Huan Yong Ping as 'n Konseptuele Kunstenaar klassifiseer? Gee **TWEE** redes vir jou antwoord. (2)

3.3 Kies en bespreek **TWEE** avant-garde kunswerke wat deur **TWEE** verskillende Konseptuele **EN/OF** Kontemporêre Internasionale kunstenaars geskep is.

Skryf vir **ELKE** kunswerk die naam van die kunstenaar, titel en 'n beskrywing van elke kunswerk neer. (4)

3.4 Motiveer hoekom albei gekose kunswerke **EN/OF** kunstenaars as avant-garde beskou moet word. Verwys na jou gekose kunswerke en motiveer jou debat. (12)
[20]

IEB Copyright © 2023

VRAAG 4 WEERSTANDSKUNS IN SUID-AFRIKA GEDURENDE DIE APART-HEIDSERA (Ongeveer 1950-1994 CE)

Lees onderstaande teks, bestudeer **Beeld F** en beantwoord dan die vrae wat volg.



Beeld F
Dumile Feni
Mother and Child *(Links)*
Houtskool op papier
98,5 × 65,5 cm
1966

5



Detail hierbo

Dumile Feni was hoofsaaklik 'n grafiese kunstenaar wat bykans altyd in monochroom gewerk het. Hy was ook 'n buitengewoon begaafde beeldhouer en baie van sy sketse wat volledig op 'n lineêre en ekspressionistiese wyse uitgevoer is, het 'n diepgaande aard van beeldhouwerk. Sy onderwerpe is dikwels verwronge om sy emosies, swaarkry en idees gedurende apartheid uit te druk.

6

IEB Copyright © 2023

4.1 Verwys na **Beeld F** op bladsy 7. Evalueer en bespreek hoe Feni se ekspressionistiese styl en keuse van 'n onderwerp die politieke konflik in Suid-Afrika in 1966 weerspieël het. (4)

4.2 Kies **TWEE** relevante **Suid-Afrikaanse kunswerke (circa 1950–1994)** deur **TWEE** *verskillende* kunstenaars wie se werk die politieke konflik wat op daardie tydstip beleef is, deur hulle keuse van onderwerp en ekspressionistiese styl weerspieël.

Gee die naam van die kunstenaar en die titel van die kunswerk en 'n kort beskrywing vir **ELK** van die **TWEE** gekose Suid-Afrikaanse kunswerke.

(Let wel: jy kan ook kunstenaars bespreek wat uit formele en informele Kunssentrums in die vyftigerjare en daarna verrys het.) (4)

4.3 Ontleed vir **ELKE** gekose kunswerk hoe die kunstenaar se keuse van onderwerp en ekspressionistiese styl die politieke konflik van destyds weerspieël. (10)

4.4 Verduidelik hoekom kunstenaars wat die Suid-Afrikaanse regering in hierdie tyd uitgedaag het, nie heeltemal openhartig oor hul politieke standpunte in hul werk kon wees nie. (2)

[20]

IEB Copyright © 2023

VRAAG 5 KONTEMPORÊRE SUID-AFRIKAANSE KUNS (NA 1994)

Kyk na **Beeld G** hieronder, lees die bygaande teks en skryf 'n opstel as antwoord.



Beeld G
Roger Ballen
Dresie and Casie, Twins, Western Transvaal
Foto
1993

Fotograaf Roger Ballen het foto's begin neem terwyl hy in sy hoedanigheid as geoloog in Suid-Afrika gewerk het. As gevolg van sy werk kon Ballen byna elke klein dorpie en dorp oor die hele Suid-Afrika besoek, en so kon hy beelde van inwoners wat op die rand van die samelewing leef, vasvang. Byvoorbeeld, *Dresie and Casie* **(Beeld G)** het in Wes-Transvaal, nou bekend as die Noordwes, gewoon.

Aan die begin van sy loopbaan was sy foto's meer dokumentêr van aard en kon as 'n vorm van ***openbare geskiedenis*** vir toekomstige generasies beskryf word.

7

Skryf 'n opstel van ongeveer **VIER** bladsye waarin jy die mate evalueer waarin Suid-Afrikaanse kontemporêre kunstenaars se werk as 'n vorm van *openbare geskiedenis* vir toekomstige generasies beskou kan word.

.

Kies **DRIE** Kontemporêre Suid-Afrikaanse kunstenaars en **EEN** kunswerk deur elkeen om jou argument te ontwikkel en te motiveer. Indien jy 'n spesifieke versameling van 'n kunstenaar bespreek, noem en beskryf dit duidelik. *****

****Jy kan besluit om Roger Ballen te bespreek, maar nie die foto wat in Beeld G gegee is nie.***

Puntetoekenning vir Vraag 5	
Drie kunstenaars	6 punte
Drie titels met kort beskrywing van werke	
Relevante feite *(Let wel: Skryf ses feite om vier punte per bespreking van elke kunswerk te verdien.)*	12 punte
Ontwikkeling van argument	12 punte

[30]

Totaal: 100 punte

IEB Copyright © 2023

VERWYSINGS

VRAAG 1

1. Beeld A, empiriese data en teks geneem uit Art Chicago Institute. Aanlyn beskikbaar by: <https://www.artic.edu/exhibitions/9324/bisa-butler-portraits> Toegang 15 Mei 2022.
2. Beeld B, empiriese data en teks aangepas uit: 154. Aanlyn beskikbaar by: <https://www.1-54.com/london/artists/boehm-marion> Toegang12 Mei 2022.

VRAAG 2

3. *Red Composition* geneem uit Mutual Art. Aanlyn beskikbaar by: <https://www.mutualart.com/Artwork/Red-Composition/BF53A2BDC978DDC2> Toegang 10 Mei 2022.
Inligting met betrekking tot Red Composition geneem uit NNY 360.
Aanlyn beskikbaar by: <https://www.nny360.com/artsandlife/artsandentertainment/syracuse-everson-museum-s-pollock-painting-sells-for-12-million/article_2561e504-f2f2-5dd9-9249-4b858c4adbc6.html> Toegang 10 Mei 2022.
Die beeld van Andy Warhol se *Shot Blu Sage Mariliyn* is by PENTA bekom.
Aanlyn beskikbaar by: <https://www.barrons.com/articles/andy-warhols-shot-sage-blue-marilyn-sets-a-record-selling-for-195-million-01652145121> Toegang 8 Mei 2022.

VRAAG 3

4. Teks aangepas uit en beeld geneem by My Modern Met.
Aanlyn beskikbaar by: <https://mymodernmet.com/huang-yong-ping-serpent-d-ocean> Toegang 10 April 2022.

VRAAG 4

5. Beeld F geneem van Lot Search. Aanlyn beskikbaar by: <https://www.lotsearch.net/lot/dumile-feni-south-african-1942-1991-mother-and-child-1966-charcoal-on-49005858?perPage=50> Toegang 9 Februarie 2022.
6. Teks aangepas uit Revisions. Aanlyn beskikbaar by: <http://revisions.co.za/biographies/dumile-feni/#.YodNP6hBzIU> Toegang 6 Februarie 2022.

VRAAG 5

7. Teks en beelde geneem en aangepas uit Public Delivery.
Aanlyn beskikbaar by: <https://publicdelivery.org/roger-ballen-twins> Toegang 3 Mei 2022.

IEB Copyright © 2023